


**Arnold van Wyk, die bekende komponis en klavierspeler, wat so pas teruggekeer het van 'n uitgebreide konsertreis deur die vier provinsies en Suidwes-Afrika, gee in hierdie tweede en laaste artikel verdere staaltjies van vermaaklike voorvalle en ten slotte doen hy 'n paar voorstelle aan die hand.**

•

(Tweede Aflewering)

deur ARNOLD VAN WYK

# POST MORTEM

VOORDAT ek 'n paar algemene gevolgtrekkings na aanleiding van die toer maak en 'n paar voorstelle aan die hand doen vir die verbetering van die omstandighede waaronder die kunstenaar in Suid-Afrika moet werk, wil ek darem eers so een of twee van die buitengewone voorvalle van die reis oorvertel. Daar is oorgenoeg om van te kies en die voorvalle strek van die komiese tot die tragiese. Hier is byvoorbeeld twee mededelings wat ek moes aanhoor. Oordeel maar self in watter kategorie hulle tuishoort.

„Dis die gebou waaraan hulle gewoonlik die aanplakbiljette vertoon. Meneer s'n sou ook hier gewees het, maar soos Meneer sien, is hulle nou besig om die gebou te sloop."

„Is u bedruk oor die gehoor van vyftien? A, nee a, Galli-Curci het hier dan net tien gehad!"

Vandag, op vier-en-sewentigjarige leeftyd, het my vader nog nie die knie gebuig vir die droogtes en pestilensies van die Noordweste nie, en hoewel van minderwaardige stoffasie, is ek nogtans in so 'n mate sy seun, dat ek op die ou end vir albei mededelings kon lag. Dis nog al 'n gewoonte van ons familie: Ons kla en huil eers en dan begin ons lag.

Hierdie houding het my ook gered op Port Elizabeth waar ek ook maar 'n bitter tydjie moes deurmaak. Ek het die vorige aand op Potchefstroom gespeel, net drie uur lank geslaap dié nag en die volgende oggend vroeg per vliegtuig na die winderige hawestad afgereis. Daar was geen waardin aan boord nie en ons het geen pluisies vir die ore ontvang nie. Dié namiddag, doodvaak en met die dreuning van die motore in my ore wat nog toegeslaan bly, hoe ek ookal gaap en neus toedruk, oefen ek in die stadhuis. Ek kan geen klank uit die nuwe klavier kry nie, al hamer ek ook hóé. Is dit nou die moegheid of die toe ore? Vyfuur dié middag daag my vriend Hubert du Plessis skielik daar op en van hom kry ek die blye en deskundige versekering dat selfs Horowitz niks uit daardie klavier sou kon kry nie. Toe voel ek beter. Maar die aand, vir die vierde konsert wat ek daardie week gegee het, is daar ook maar weer net een-en-'n-half mense in die gehoor en ek voel ellendig. Maar ek speel darem. En toe, op die teerste oomblik in Schubert se Sonate, op. 164, trek die Heilsleër uit volle bors los in die onmiddellike nabyheid. Ook hieroor het ek later gelag.

Op L. word ek voor die konsert genader deur 'n knewel van 'n vent wat wil weet of hy tussenin die nommers daardie aand maar 'n bietjie kan kom gewigstoot. Ek weet voor my siel dat gewigstoot en klavierspel nie juis tuishoort nie, maar ek kan geen redes aanvoor wat Hercules sal verstaan nie. Ek sê toe maar:

„Ja, maar vóór of ná — nie tussenin nie." Die kragmeting het dan ook na die uitvoering plaasgevind. Nou weet ek dat ek daardie aand 'n gulde geleentheid laat verbyglip het. 'n Nuwe kunsvorm kon ontstaan het: die prikkelende parallel van (aan die een kant) 'n persoon wat moeisaam die gewigte probeer uitstoot en (aan die ander) 'n pianis wat sukkel om mooi klanke voort te bring uit 'n stel ou kunstande. My verbeelding steier voor die moontlikhede.

En nou stroom die insidentjies kort op mekaar se hakke deur my gedagte. Daar is die aand toe dit so geweldig hard op die saal se sinkdak gereën het dat ek eers al die harde stukke moes speel en moes wag vir die reën om op te hou voordat die sagte stukke aan die beurt kon kom. Of ek onthou dat heldeverering nie oral my lot was nie. Daar was nou wel die klein bakvissie wat, haar oë dromerig en haar stem stil van ontsag, vir my gesê het:

„Ag, sit tog net jou hande op die klavier en laat ek hier langs jou staan"; maar daar was ook die „Mummy's darling", vet, vyftien en vermetel, wat nadat ek bevestigend geantwoord het op haar vraag of Chopin se G-mineur Ballade vir my moeilik is, ewe ongeërg gesê het:

„Oh? *I* played it when I was nine" . . .

Of die aand toe 'n omie vir my gevra het: „Ons wil tog so graag ons nuwe plaatapparaat toets. Gee jy om as ons tussen die groepe so 'n paar vastrapplate speel?" . . .

Daar was ook die aand op P. toe die gehoor baie dun in die groot saal gesaai was en toe ek kleinlik genoeg om my daaroor te vererg. Ek besluit om die program sonder die gewone verduidelikings deur te speel en die toehoorders maak my nog boser deur op die verkeerde plekke

(*Vervolg op bladsy 90*)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

## POST MORTEM

(*Vervolg van bladsy* 47)

te klap. Maar toe ek halfpad deur die program was, kyk ek na hulle en hulle lyk vir my so pateties dat my hart week word en ek met hulle begin gesels. Ek maak die een of ander verwysing na „die program" en iemand in die gehoor kla:

„Watter program? Ons het geen programme nie." Dit was dus die rede waarom hulle al op die verkeerde plekke geklap het (nie dat gehore met programme dit ook nie doen nie). Die res van die konsert het toe goed verloop, ek het elke nommer aangekondig en 'n bietjie oor die musiek gesels en die atmosfeer was intiem en vriendelik. Ek kondig die laaste nommer aan, speel dit en verlaat die verhoog. Doodse stilte. Nou ja, miskien weet hulle op P. nie van toegifte of miskien het ek te sleg gespeel, dink ek. Ek trek toe maar my jas aan en wil net uitstap toe daar skielik weer applous uit die saal kom. Die jas word uitgetrek en ek speel vir hulle 'n toegiffie. Ek stap af nadat hulle so 'n bietjie geklap het. Onder doodse stilte trek ek maar weer my jas aan. Applous uit die saal verhinder weer my vertrek. Nog 'n toegif . . . En so het ek omtrent vier, vyf keer my jas aan- en uitgetrek. Op die ou end het dit geblyk dat die gehoor glad nie besef het dat die program afgehandel was nie en dat ek reeds vyf toegifte gespeel het nie.

Op S., in Transvaal, het ek 'n veelbewoë tydjie deurgemaak. En my uitvoering aldaar sal ek seker onthou wanneer die ander al vergeet is. Die eerste reëns het net uitgesak toe ek op S. aankom, vyfuur in die oggend gedurende daardie bittere koue waarmee vanjaar se winter geëindig het. Die plaaslike organiseerder het dit nie die moeite werd geag om my te kom ontmoet nie, of om 'n huurmotorbestuurder te stuur wat my instruksies kon gee nie. Ek wil nie uitvoerig skryf oor alles wat daardie dag plaasgevind het nie. Dit sal voldoende wees om te sê dat dit dié dag en die aand byna sonder ophou gesous het, dat ek self plakkate gemaak en opgeplak het, by toonaangewende mense gaan soebat het om tog asseblief hul invloed te gebruik om 'n paar mense die aand in die saal te kry — vroeg die oggend het nog net twee mense bespreek gehad! Verder moes ek ook sorg vir mense om die aand by die deur te staan. Die aand sit daar ook weer net veertig mense in die saal. Die Rdb. en ek het besluit dat 'n gehoor van minder as honderd nie juis die vermoeienis van 'n konsert regverdig nie, en terwyl ek nog probeer besluit of ek nou sal speel of nie, gaan die ligte skielik uit. Toe is die konsert natuurlik oor die muur. Die gehoor bly egter sit en ek gesels in die donker saal met 'n paar vriende. Ons wou net loop toe die ligte skielik weer aangeslaan word, en ek moes wik en weeg of ek nou wel sou speel of nie. Ek is toe alweer net omgekrap, want daar is net een ding wat erger is as konsertgee en dit is om nie te weet of jy gaan konsertgee of nie. Toe kom daar 'n boodskap by my aan: 'n man in die gehoor („Hy is baie lief vir musiek, het self gespeel maar speel nou nie meer nie.") het sy sakke leeggemaak en bied nou aan om dié bedraggie by te voeg by wat reeds by die deure ingesamel is mits ek inwillig om te speel. Hoe-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

wel dit nie juis 'n kwessie van geld was nie, besluit ek tog maar om te speel. En vir daardie klein gehoortjie op S. het ek dié aand byna albei die programme gespeel, want heelparty mense het gedurende die pouse na my kleedkamer gekom met dié en dáárdie versoek. Aan die einde van die konsert steek die meneer wat die geld gegee het iets in my sak, maar, sê hy, ek moet eers juis kyk wat dit is. Dis toe 'n tjek. Die volgende oggend gaan ek toe my weldoener besoek. Hy wil nie daarvan hoor dat ek sy tjek nie kan aanneem nie. Hy het swaargekry in die ou lewe, sê hy; wou ook musiek bestudeer maar die middele het ontbreek. Nou luister hy maar net. En terwyl hy so beduie, sien ek skielik waarom hy nou „nie meer speel nie". Vier van sy regterhand se vingers is net bokant die kneukels afgesit. Hierdie episode het 'n baie diep indruk op my gemaak, want afgesien van die man wat ek leer ken en die insig wat ek gekry het oor hoe die noodlot 'n mens kan karnuffel as hy lus het, was dit ook hartroerend om soveel vriendelikheid te ondervind op 'n tydstip wanneer dit vir jou lyk of alles teen jou is.

TEN slotte wil ek 'n paar dinge aan die hand gee waardeur die huidige onverskilligheid teenoor musiek tot belangstelling en geesdrif kan oorgaan. Die sendingwerk moet myns insiens in die skole begin: die jongere en die middeljarige geslag is reeds verlore en ou mense leer nie maklik nie. Laat selfs die klein plekkies dan baie versigtig te werk gaan met die aanstelling van die persoon wat die kinders gaan oplei. Ons universiteite en opleidingskolleges lewer nog te veel graduandi wat nou wel die „letters agter die naam het", maar wat geen verantwoordelike liefde vir musiek het nie. Eintlik besit hulle niks meer as die ongeassimileerde boekkennis wat hulle deur die eksamen gehelp het nie. Daar is nog te veel jong dametjies wat „musiek neem" en vir wie die werk 'n beroep is, nie 'n roeping nie; te veel wat musiekonderwyseres word omdat die slegte vakman in dié beroep nie so maklik uitgevind word nie en omdat hulle só die paar vervelige jare totdat hulle trou wil omkry. Daar is ook te veel inrigtings wat dié soort leerkrag op 'n onverskillige of niksvermoedende wêreld loslaat. Keer op keer wanneer ek werklike geesdrif en belangstelling op 'n plek aangetref het, het dit geblyk dat dit te danke is aan die ywer van een enkele persoon, gewoonlik die plaaslike musiekonderwyser(es). Laat die jonge heer of juffrou wat gaan musiekonderrig gee en orrelspeel op Kalkoentjiesdrif, duisend myl noordwes van Nêrens, dus besef dat die werk ook dan belangrik is en laat hulle trots wees op die vervulling van hul hoë verantwoordelikheid.

Een van ons bekendste musici het my op 'n keer verseker dat Suid-Afrika op musiekgebied nog „the happy hunting ground of the amateur and the charlatan" is. Sonder om dit so kras te stel, wil ek tog die mening uitspreek dat sommige van ons hoogste musiekposte gevul word deur persone wat dié eminensie nie verdien nie, mense wat eenkeer wel 'n leemte aangevul het, maar wat ongeskik is om, na die snel vooruitgang wat 'n jong land gewoonlik maak, nog in sleutelposisies te wees. Die wetgewing van ons land verhinder my

(*Vervolg op bladsy* 92)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

# POST MORTEM

(*Vervolg van bladsy* 91)

om breedvoeriger oor hierdie saak te praat; belangstellendes moet dus maar self die saak oorweeg en voorbeelde van hierdie tipe probeer vind. Ondertussen het die tyd aangebreek om te sê wat ek hierbo gesê het, en as daar mense is wat kwaad word oor my aantygings — soveel te beter.

Ons moet ook ontslae raak van ons ontsettende en dodelike belangstelling in eksamen en kunswedstryde. Hier weer is dit die onderwyser wat kan maak of breek. Op die oomblik spook te veel leerkragte slegs om soveel pryswinners en geslaagde kandidate moontlik te lewer en ons land is vol van halfgebakte musikante. Die leerplanne van die kunswedstryde bevat ook te veel minderwaardige werke.

Verder moet Amerika se invloed op die een of ander manier teengewerk word. Ons sensors kan daaraan dink om 'n eerlike stuk werk soos Grahame Greene se *Brighton Rock* in die ban te doen, maar die „comics", die „juke boxes", die verderflike filmtydskrifte en so meer word ongehinderd gelaat. Ook Hollywood se films wat die lewens van groot komponiste versin en hul musiek versnipper en besoedel. Ek is alreeds gevra om tog asseblief die *Polonaise* van Cornel Wilde te speel . . .

Ons koerante besit ook so te sê geen musiekkritici wat die naam werd is nie. Enigeen word blykbaar goed genoeg geag om oor musiek te skryf. En as die koerantbase maar net 'n bietjie wil rondsoek sal hulle wel opgeleide persone vind om die werk waar te neem.

Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie doen veel, maar hulle werk in die geheim. Dis hier 'n saak van 'n winkelier sonder 'n vertoonvenster. En die ontoereikende en foutiewe gegewens in die radioprogramme van die daaglikse nuusblaaie maak dit nog meer noodsaaklik dat ons sonder versuim 'n ordentlike radiotydskrif moet kry.

Ek wil ook voorstel dat die regering die vorming van 'n Nasionale Konsertgeselskap ernstig moet oorweeg. 'n Viertal kunstenaars, byvoorbeeld 'n pianis, sanger, vioolspeler en tjellis, een waarvan ook 'n bietjie oor die musiek kan gesels, sal van onskatbare waarde wees (en die lede van die geselskap kan sommer 'n paar skilderytjies ook onder die arm saamneem). Daar moet gesorg word dat alleen musiek van hoë gehalte gelewer word en dat die spreker dit op intelligente en realistiese wyse aan die toehoorders voorlê. Ook die kleinste plekke van die Unie moet besoek word en daar moet spesiale konserte vir skoolkinders wees. Met die regte toenadering en veral met die regte reklame hoef so 'n plan nie noodwendig 'n geldelike verlies te beteken nie. Die toer het bewys dat daar behoefte is aan persone om dié soort werk te doen, ook (en veral) in die klein plekkies waar daar musiekliefhebbers afgesonderd sit wat my amper met trane in die oë vir my besoek bedank het. Daar is ook tekens dat persone wat hulle voorheen nie aan musiek gesteur het nie, dit wel hierdie keer op die proef gestel en van die nuwe ondervinding gehou het. Ek meen dat baie van die perde sal drink en hou van die water as 'n mens net die drinkplek beskikbaar stel. Ek is ook verseker

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

dat as ek nog 'n slag deur die land gaan reis, ek op veel groter gehore kan staatmaak. Dan was daar ook die groot aantalle musiekstudente wat raad kom vra het. Veral die aspirant komponiste. Die meeste van hulle het maar net die „krieweling" om te komponeer, maar hier en daar was daar wel definitiewe tekens van talent. Hulle het egter niemand gehad wat hulle advies kon gee nie, laat staan nog onderrig in komposisie. Nou sit ek met 'n hele pak manuskripte wat deurgewerk en waaroor uitvoerig geskryf sal moet word. Maar dis 'n plig wat ek met graagte nakom.

Ek voel om hierdie en ander redes glad nie neerslagtig oor die uitslag van die toer nie en ek is die Rdb. en alle ondersteuners dankbaar vir die ondervinding. Die Rdb. en ek het albei foute begaan, maar ek meen dat dit moontlik is om op ons werk voort te bou omdat ons „'n ding aan die gang gesit het". Ek hoop veral dat die werk wat ons begin het eendag miskien daartoe mag lei dat ons beste talent in die land sal bly, want totdat ook dit gebeur sal die woestyn en die dor land nie juig en bloei nie.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012